VRYPOS

Weeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

Jaar 14 - Uitgawe 16

Kontak ons:
kerkinfo@ngkvs.co.za
www.ngkerkvrystaat.co.za

20 Mei 2016

Dankie Vader vir wonderlike, geseënde reën die afgelope tyd...

1. NUUS UIT DIE VRYSTAAT SINODE:

WATERKONFERENSIE APRIL 2016 & WATER LEWE FOTOKOMPETISIE: Vir diegene wat onlangs die Waterkonferensie by die Gariepdam bygewoon het, asook vir ander belangstellendes, is al die aanbiedinge van sprekers by hierdie geleentheid, op die webblad van die NG Kerk Vrystaat beskikbaar. Klik **hier** (dit maak op die Eenheid vir Bedieningsbegeleiding (EBB) se blad oop, klik dan op "**Dokumente**" waar al die relevante inligting by Waterkonferensie April 2016 in numeriese orde verskyn. Die inligting en reëls ten opsigte van die Water Lewe-fotokompetisie is ook hier te vind (**onthou die sluitingsdatum vir hierdie kompetisie is 15 Julie 2016 en slegs foto's wat in die Vrystaat en Noord-Kaap geneem, is mag ingeskryf word!**) *Diegene wat in die "Power-Point"- aanbiedings sou belangstel, is welkom om dit by* **kerkinfo@ngkvs.co.za** *aan te vra.*

JAARBOEK 2017: Gemeentes moet asseblief daarop let dat hierdie kantoor binnekort die jongste inligting vir die Jaarboek 2017 sal aanvra. **Wees asseblief binne die volgende twee weke op die uitkyk vir 'n e-pos hieroor!**

DANKBAARHEID: Een van ons leraars, ds Rudolph Strydom van die NG Gemeente Hennenman, was onlangs in 'n ernstige ongeluk met sy trapfiets betrokke. Hy het redelik sleg seergekry, maar ons is dankbaar om te rapporteer dat dit reeds soveel beter met hom gaan. *Ds Rudolph, ons bid dat jy volkome van hierdie slegte ervaring sal herstel... wees maar versigtig as jy weer op 'n fiets wil klim – Red.*

2. KERKORDE - ALGEMENE SINODE 2015:

Die Kerkorde van die Algemene Sinode 2015 is voltooi en op die webblad van die NG Kerk beskikbaar by **www.ngkerk.org.za**. Dit is op die voorblad aangebring en is maklik om elektronies af te laai – klik **hier**. Vrystaatse Gemeentes kan dit ook op die NG Kerk Vrystaat se **webblad** vind, onder "**Dokumente – Amptelik**". Neem asseblief kennis dat die Kerkorde 2015 reeds vanaf 13 Januarie 2016 van toepassing was met die publikasie van die Handelinge.

3. GEMEENTENUUS:

NG BRANDFORT: 'n Plattelandse kermis met 'n verskil. Vir bespreking van kreatiewe stalletjies, skakel Max Struwig by 082 334 2684. Vir navrae oor motorskou, kontak Arno Struwig by 083 388 3992.

Kyk ook by herhalings, pt 8 vir gebeure by ander gemeentes wat reeds hier verskyn het.

4. VERSOEK: PLAAS ASSEBLIEF IN GEMEENTE-AFKONDIGINGS:

Die Botshabelo-Bloemfontein Skakelkommissie versoek dat die volgende inligting asseblief in plaaslike gemeentes se afkondigings sal verskyn: Die jaarlikse Botshabelo Koorkonsert vind op **Vrydag 27 Mei 2016 om 19:00** by die NG Gemeente Bloemfontein-Noord (Klipkerk) plaas. Die konsert word ten bate van die Botshabelo Jeugkamperrein gehou en kore van die NGKA en VGK, met verskillende musiekinstrumente en soliste is deel van die program. Kaartjies teen R40pp, wat verversings insluit, sal by die deure beskikbaar wees, of ook by 072 435 8959 .

5. BYBEL-MEDIA NUUSBRIEF 9/2016:

Hierdie week is die fokus op die jongste ***Kerkbode***, die Junie-uitgawe van ***LiG*** en die bekendstelling van prof Jaap Durand se nuwe boek, *Protesstem* - klik **hier**.

6. BEROEPE- EN PREDIKANTE NUUS:

Proponent J (Johan) David is na die **NG Gemeente Bloemfontein-Wes** beroep. Hy word op **Sondag 29 Mei 2016** om 09:00 as **Leraar Vastetermyn met 2jr kontrak, bevestig**.

Leraars beskikbaar vir aflos in gemeentes:

Emeritusleraar, dr Johan van der Westhuizen, is vir afloswerk en waarneem van eredienste te Bloemfontein, of op die platteland beskikbaar. As Pastorale Terapeut is hy ook vir pastorale terapiesessies vir adolessente/tieners/asook vir ouer- en kinderverhoudings), beskikbaar. Sy kontakbesonderhede is, 082 785 7821/053 436 1442, of by snoepie07@gmail.com

Ds Thinus Janse van Vuuren is **vanaf 3 Desember 2016 tot 8 Januarie 2017 as 'n aflosleraar vir 'n gemeente in Bloemfontein beskikbaar.** Hulle kuier gedurende daardie tyd in Bloemfontein en ds Thinus sou graag 'n leraar wou uithelp wat moontlik met broodnodige verlof wil gaan. Kontak hom gerus by 083 383 8092, of by pa.thinus2@gmail.com om vroegtydig reëlings te tref.

7. VAKATURES:

ORRELIS: Die **NG Gemeente Heilbron-Suid** adverteer hierdie vakante pos - die aansoeker moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en oudisie. **Aansoeke sluit op Vrydag 24 Junie 2016** en posaanvaarding is so gou moontlik daarna - klik **hier** vir meer besonderhede. **Kyk ook by herhalings, pt 8 vir ander vakante poste wat reeds hier verskyn het.**

8. NB! HERHALINGS:

Die volgende belangrike kennisgewings en inligting wat reeds in *Vrypos* verskyn het, word vir jou gerief herhaal:

VBO Winterweek 2016: Uitnodiging en program **LET ASB OP! Registrasie vind by NG Gemeente Universitas-Wes (Rooikerk) vanaf 15:00 plaas - die res van Sondag se program vind ook daar plaas.**

Gemeentenuus: Kinderkerk Werkswinkel: NG Bedelia, Welkom op 21 Mei

Vakatures: **Kantoorbestuurder - Vennote in Getuienis, NG Kerk Vrystaat**: Inligting/sluitingsdatum 10 Junie 2016
Leraar (Vastetermyn, kontrak) – NG Verkeerdevlei: Inligting / sluitingsdatum 31 Mei 2016

ENGO Ontvangsdame/Admin Beampte, Viljoenskroon Sentrum vir Bejaardes: Inligting/sluitingsdatum 27 Mei 2016
ENGO Kinderversorger, Winburg Jeugsorgsentrum: Inligting / sluitingsdatum 31 Mei 2016

Klik **hier** vir al die inligting.

9. VERJAARSDAE:

Baie geluk aan die leraars en personeel (Sinodale Kantoor), wat gedurende die komende week verjaar:

20 Mei:

Ds Barnard Steyn - Direkteur: Eenheid vir Bedieningsbegeleiding - 051 406 6727 (k), 082 842 7028, bicsteyn@ngkvs.co.za

21 Mei:
Ds Hendrik Smit - PAUL ROUX - 083 310 0462, hgvzsmit@gmail.com
Ds Braam van Zyl - HEILBRON - 058 852 1114, 082 821 6677, Braam@ngheilbron.co.za
Ds Chris Odendaal - HERTZOGVILLE - 053 421 9004, 082 335 2181, odendaalc@gmail.com

22 Mei:
Mev Helena Smit - ARGIEF- EN INLIGTINGSKANTOOR - 051 406 6747 (k), 079 643 0464, argief@ngkvs.co.za

26 Mei:
Mej Thea Bosman - KOMMUNIKASIE/MODERAMEN - 051 406 6719 (k), 083 260 4049, kerkinfo@ngkvs.co.za
Dr Hannes de Kock - BETHLEHEM-NOORD - 058 303 3548, 082 885 5163, mwjam@mweb.co.za

10. TEN SLOTTE: *Soms moet jy sommer net ietsie kleins doen om jou te laat glimlag!*



Groetnis.

THEA BOSMAN
Samesteller/Redaksioneel: kerkinfo@ngkvs.co.za
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719 Faks: 086 502 0821

INDIEN JY OP *VRYPOS* WIL INTEKEN, KLIK hier **(meld asseblief ook jou gemeente/dorp)**

AS JY *VRYPOS* WIL KANSELLEER, KLIK hier

Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by kerkinfo@ngkvs.co.za – stuur ook enige nuusgebeure, inligting na hierdie adres.

NG KERK VRYSTAAT WEBBLAD: Like http://www.ngkerkvrystaat.co.za/

NG KERK VRYSTAAT FACEBOOK:

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik **hier**

BYBEL-MEDIA NUUSBRIEF 9/2016

Lees in die Kerkbode van 20 Mei:

In hierdie uitgawe praat Jan Malan, destydse aanvoerder van gevegsmagte in Angola, oor sy betrokkenheid by die veldtog vir versoening wat saamval met die 40ste herdenking van die Jeugopstand van 1976 in Soweto.

Annalise Wiid vertel 'n aangrypende verhaal van deernis vir gestremdes wat hom in een van die armste buurte op die Kaapse vlakte afspeel.

In die gay-debat is daar twee bydraes oor die manier waaroor ons denke oor God ons perspektiewe in hierdie debat bepaal.

Elna Mouton beantwoord tien vrae na aanleiding van die wenboek van die Andrew Murray-Desmond Tutuprys.

Lees ook oor die streekbyeenkomste en 'n konferensie oor water wat die Vrystaatse sinode gehou het, oor 'n kunswerk oor die oormag van God se liefde en oor sendingwerk in Frankryk en Mosambiek.

Lees in die Junie-uitgawe van LIG:

Kom leer van God binne ons – hoe om jou kind die vrug van die Gees te laat leef en wat die Bybel oor die gawes van die Gees sê.

Die sangeres, Corlea Botha, vertel hoe sy en haar ma saam droom en LiG gesels met Theunis Nel oor God se liefde en versorging na sy motorfiets-ongeluk.

Ons noem die vyf dinge wat vertroue in jou huwelik kan verwoes en vra of gemaksones gerieflik of gevaarlik is. En hoe maak jy as jou volwasse kind nog by julle woon?

Lees ook oor 'n maklike uitreikprojek wat jy en jou gemeente hierdie winter kan aanpak. En kry idees vir oulike geskenke uit jou kombuis.

LiG – vir jou en jou mense.

Bybel-Media boekbekendstelling:



Protesstem – prof Jaap Durand, is Dinsdagaand 10 Mei by UWK bekendgestel.

"Die koerant *Kerkbode* wat ons uitgee, is vir twee weke lank nuus. Die tydskrif *LiG* dalk 'n maand lank. Sommige van ons boeke verkoop goed vir 'n jaar, dan is hulle leeftyd verby. Soms, net soms, gee ons boeke uit wat deel is van die geskiedenis. Professor Jaap Durand se *Protesstem* is so 'n boek." Aan die woord is dr Nico Simpson, hoof van Publikasies en e-Media by Bybel-Media. Dit was op Dinsdagaand, 10 Mei by die Universiteit Wes-Kaap (UWK), tydens die bekendstelling van "Protesstem", die aangrypende werk van professor Jaap Durand oor die profetiese getuienis van sy lewe teenoor die apartheid-regime van destyds. Prys: **R175,00** (BTW en posgeld ingesluit).

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
Of stuur jou bestelling per e-pos na: **bestel@bmedia.co.za**
Of koop direk met jou kredietkaart op die webtuiste: **www.bybelmedia.org.za**

TERUG NA INHOUD

VAKATURE - ORRELIS, NG HEILBRON-SUID:

Heilbron is geleë in die Noordoos-Vrystaat en het 'n lidmaattal van 500. Ons gemeente is opsoek na 'n geroepe orrelis wat die Here met sy/haar gawes in ons gemeente wil dien. Die gemeente het 'n lang geskiedenis van heerlike samesang

met die orrel en die kerkkoor, as 'n integrale deel van die gemeente. Ons gemeente hou formele en informele eredienste - die orrelis sal net vir formele eredienste verantwoordelik wees.

VEREISTES:

- Ervaring in pyporrelbegeleiding is 'n voorvereiste.
- Moet gemaklik in 'n span kan werk.
- Aanvaar verantwoordelikheid vir orrelbegeleiding by formele eredienste op Sondae, soos op die kerkprogram aangedui, asook gedurende eredienste by kerklike feesdae soos verlang.
- Begeleiding by begrafnisse en troues soos vooraf gereël.
- Begeleiding by spesiale kerklike of gemeentelike geleenthede soos vooraf gereël.
- Die afrigting en begeleiding van die koor.
- Bywoning van opknappingskursusse in kerkmusiek en ander relevante geleenthede word sterk aanbeveel.

Salaris onderhandelbaar - kontak mnr L Visser vir navrae in dié verband by 082 9218544. Die aansoeker moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en oudisie. Aansoeke sluit Vrydag **24 Junie 2016** en posaanvaarding is so gou moontlik daarna. Rig jou navrae en/of aansoek aan me S du Plessis by 058 852 1990, e-pos **ngheilbrons@telkomsa.net**

TERUG NA INHOUD

HERHALINGS:

➢ ALGEMEEN:

VBO WINTERWEEK 2016 – UITNODIGING & PROGRAM: **Registrasie en Sondag 5 Junie se program vind vanaf 15:00 by NG Universitas-Wes (Rooikerk) plaas!**

PROGRAM

TOETREDE

5 Junie: Sondag

15:00	Aankoms en Registrasie
15:30	Opening en Verwelkoming – Gideon Lamprecht
16:00	**Tema 1: *Liturgiese Vertrekpunte*** – Johan van der Merwe (Musiekleiers woon ook by)
17:00	**Tema 2: *Digitale kommunikasie gedurende die erediens*** – Johan van der Merwe (Musiekleiers woon ook by)
17:45	Bespreking: Tema 1 en 2
18:00	**"Blended" Erediens** – Johan van der Merwe

6 Junie: Maandag

09:00	Opening – Jacques Louw
09:30	**Tema 3: *Erediens as eskatologiese en estetiese gebeure*** – Rian Venter (Musiekleiers woon ook by)
10:15	**Tema 4: *Musiek as estetiese gebeure in erediens*** – Elsabé Kloppers (Musiekleiers woon ook by)
11:00	Koffie/Tee
11:15	Bespreking: Tema 3 en 4
12:00	**Tema 5: *Skoonheid van die klag*** – Cas Wepener
12:45	Bespreking: Tema 5
13:00	Middagete

DIENS VAN DIE WOORD

14:00	**Tema 6: *Rol van kuns in en die kuns van prediking*** – Cas Vos
14:45	Bespreking: Tema 6
15:00	**Tema 7: *Meditatiewe diens as Estetiese aanbidding*** – Breda Ludik
15:45	Koffie/Tee

SAKRAMENTE EN SIMBOLE

16:00	**Tema 8: *Sakrament as Estetiese moment*** – Martin Laubscher
17:00	Bespreking: Tema 7 en 8
18:00	**Meditatiewe Diens** – Breda Ludik

7 Junie: Dinsdag

09:00	Koffie/Tee
09:30	Opening – Barnard Steyn
10:00	**Tema 9: *Argitektuur: Estetiese aanbiddingsruimtes*** – Jan Petria Smit
10:45	Koffie/Tee
11:00	**Tema 10: *Kuns van Bybellees en verstaan*** – Francois Tolmie

UITSENDING

11:45	**Tema 11: *Gebede: Die verbidbare God*** – Cas Vos
12:30	Bespreking: Tema 10 en 11
13:00	Evaluering/Reflektering, VBO-punte en Afsluiting

➢ GEMEENTENUUS:

NG BEDELIA, WELKOM - KINDERKERK WERKSWINKEL: Dit vind op **Saterdag 21 Mei 2016 vanaf 09:00 - 14:00** by hierdie gemeente plaas, koste R60pp. Die werkswinkel is oop vir almal, of jy 'n kinderkerkleier, ouer, of iemand is wat graag meer wil leer. Rig navrae aan Heidi by 082 896 8062, of Hendrik by 082 572 0459.

➢ VAKATURES:

KANTOORBESTUURDER - VENNOTE IN GETUIENIS, NG KERK VRYSTAAT BLOEMFONTEIN:

NG Kerk | Vennote in Getuienis
Vrystaat

Aansoeke word ingewag vir die pos van **kantoorbestuurder** vir die **Vennote in Getuienis-bediening**

Fokusse van pos:

- Administrasie en finansies
- Skakeling en kommunikasie
- Projekbestuur
- Persoonlike assistent vir uitvoerende amptenaar

Posvereistes: .

- Toepaslike na-skoolse opleiding
- Toepaslike werkservaring sal in die applikant se guns tel
- Die persoon moet hom/haar kan tuis voel binne die werksmilieu van die NG Kerk
- Waardes soos Christelike roeping, eerlikheid, vertroulikheid, professionaliteit, sosiale vaardighede en vriendelikheid teenoor alle mense
- Rekenaarvaardigheid: *Microsoft Word, Microsoft Excel, Microsoft PowerPoint* en *Microsoft Outlook*

Voldagpos - salaris onderhandelbaar.
Aansoeke met CV en eie motivering, vóór 10 Junie 2016 aan:

Adres:
Vennote in Getuienis
missie@ngkvs.co.za of **missio@ngkvs.co.za**
Tel: 051 406 6729 (k) / 082 780 8038

LERAAR VASTETERMYN (KONTRAK) - NG VERKEERDEVLEI:

Gemeenteprofiel: Die NG Gemeente Verkeerdevlei is in 'n plattelandse boeregemeenskap geleë, 80km noordoos van Bloemfontein en val binne die Ring van Winburg. Die gemeente bestaan uit 100 lidmate waarvan 25 kinders is. Die verste besoekpunt buite die dorpie is 20km.

Leraarsprofiel: Artikel 9 van die Kerkorde vorm die basis van die kontrak:
a) Preek & Kategese.
b) Huisbesoek in ses wyke, ongeveer vyftig besoekpunte een maal per jaar.
c) Pinksterbidure.
d) Twee wyksbidure per wyk per jaar.
e) Hospitaalbesoeke.

Vergoeding: Totale pakket beloop R144 000 per jaar, onderhandelbaar na 'n jaar (12 maande). Leraar moet aan 'n wetlik goedgekeurde pensioenfonds behoort of by emeritaat reeds sy/haar pensioen opgeneem het. 'n
Ruim pastorie is beskikbaar, gemeubileerd indien verkies, asook water en elektrisiteit ingesluit. Die gemeente sal verkies as pastorie bewoon word.

Aansoeke: Stuur volledige CV aan:
Die voorsitter van die Kerkraad, per e-pos aan bornmanrita@gmail.com
Navrae kan gerig word aan:
Leierouderling: Tienka Steyn by 082 346 4428
Saakgelastigde: Rita Bornman by 083 242 9242

Sluitingsdatum: Dinsdag 31 Mei 2016

Aansoekers moet beskikbaar wees vir 'n persoonlike onderhoud en moontlike preekbeurt.

Die kerkraad behou homself die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

ONTVANGSDAME/ADMINISTRATIEWE BEAMPTE - VILJOENSKROON SENTRUM VIR BEJAARDES:

Engo
Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo esafeleng

Posvereistes:
- Applikante moet oor die nodige kwalifikasie en/of ondervinding beskik
- Minimum 2 jaar Kantooradministrasie ondervinding
- Rekenaarvaardigheid in *MS Office* (*Word en Excel*), asook e-pos en internet
- Bestuurslisensie
- Goeie menseverhoudinge

Pligte:
- Administratiewe Take en instandhouding van Registers
- Personeel Lêers
- Instandhouding en Klagte hantering
- Hantering en ontvangste van geld
- Skakelbord en ontvang van besoekers
- *Health & Safety* Beampte
- Drywer soos nodig

Diensvoordele:
- Salarisskaal op aanvraag beskikbaar
- Diensbonus, pensioenfonds en verlof

Sluitingsdatum: Vrydag 27 Mei 2016

Aansoekvorms: Aansoeke met 'n volledige CV kan gerig word aan:

Viljoenskroon Sentrum vir Bejaardes
Piet retiefstraat 60
Viljoenskroon 9520

E-pos: simfonie.verpleeg@connect247.net

Navrae: 056 343 3425/6 – Jolande Muller (Bestuurder)

Die werkgewer behou die reg om nie die vakature te vul nie. Suksesvolle kandidate sal binne vier weke in kennis gestel word of die aansoek suksesvol was. Indien geen terugvoer ontvang is in die vier weke tydperk nie moet aanvaar word dat die aansoek onsuksesvol was.

KINDERVERSORGER WINBURG KINDER- EN JEUGSORGSENTRUM:

Posomskrywing: Versorging en opvoeding van 15 Sothosprekende seuns wat deur die Kinderhof sorgbehoewend bevind is. Ondervinding van werk met kinders is 'n aanbeveling asook opleiding in kinderversorging.

Posvereiste:

1. Inwoning is verpligtend
2. Graad 12
3. Rybewys
4. Tale magtig: Afrikaans, Engels en Sotho

Voordele:

1. Salaris onderhandelbaar
2. Diensbonus
3. Pensioenfonds
4. Verlof

Sluitingsdatum: Dinsdag 31 Mei 2016

Faks CV's na: 057 352 9782, of e-pos na christa@vironskinders.org.za

TERUG NA INHOUD